

# GOP-VERSLAG 2020/2021

AfriForum

# 1. INLEIDING

Die plaaslikeregeringsake-afdeling het in Januarie 2020 die nuwe GOP-projekplan uitgereik aan al die aktiewe takke. Deelname aan die GOP-projek is belangrik om die volgende redes:

» Tydens die opstel van die GOP moet die munisipale raad 'n openbaredeelnameproses volg. Tydens dié proses moet die raad die gemeenskap 'n geleentheid bied om al hulle behoeftes aan ontwikkeling, verbetering van infrastruktuur, dienslewering en enige toepaslike munisipale kwessies aan die munisipaliteit te kommunikeer. Aangesien die GOP so 'n groot invloed op die groei en bevordering van die gemeenskap het, is dit vir AfriForum belangrik om 'n rol te speel in die opstel daarvan.

» Ons verstaan die frustrasie van deelname aan openbare prosesse, maar ons moedig dit nogtans aan. Versuim om deel te neem ontneem die gemeenskap van die reg om later bepalings en/of gapings in die GOP te identifiseer; owerhede sal dan kan aanvoer dat die gemeenskap nie die geleentheid om hulle insette te gee, gebruik het nie.

» 'n Proaktiewe benadering van vroegtydige insette vir beter dienslewering in die GOP stel die tak in staat om op sterk regsgronde te steun wanneer saakwaarneming later op selfdoenprojekte uitloop.

Die doel van hierdie verslag is om –

» finale uitkomste van die projek deur te gee;

» positiewe punte van die projek uit te wys;

» negatiewe punte uit te wys; en

» maniere waarop ons dit sal verbeter, te bespreek.

# 2. PR SE VERANTWOORDELIKHEDE TYDENS DIE PROJEK

### 2.1. Opstel van die projekplan

Ons het in Januarie die GOP-projekplan begin opstel wat ons toe aan die takke uitgestuur het.

Die formaat van die projekplan is effens verander en vereenvoudig teenoor die projekplanne van 2017–2019. Die rede hiervoor is dat ons in 2017–2019 nie voldoende deelname aan die projek gehad het nie. Een van die redes daarvoor is vermoedelik dat die vorige projekplan te gekompliseerd en ingewikkeld was: taklede het dit dus nie verstaan nie en daarom nie aan die projek deelgeneem nie.

Die projekplan in sy nuwe formaat het die volgende inligting deurgegee:

» Wat is die GOP

» Hoekom moet takke hieraan deelneem

» Die projekplan

» Stap-vir-stap-instruksies wat die takke moet volg om kommentaar op te stel

» Lys van munisipale dienste

» 'n Volledige voorbeeld van hoe kommentaar moet lyk

» 'n Templaat wat takke kon gebruik om die dokument op te stel

Die projekplan is op 29/01/2020 uitgestuur aan:

» Hoof van strukture (Corné Cronjé)

» Streekhoofde

» Koördineerders

» Takvoorsitters

» Taklede wat die plaaslikeregeringsakeportefeulje behartig

### 2.2. Takbesoeke

PR het in September en Oktober 2019 verskeie takke besoek.

Die doel van die takbesoeke was om ons taklede opleiding te gee oor wat die GOP is, belangrike aspekte van die GOP, hoe deelname aan die projek werk en hoekom deelname in die lang termyn so belangrik is vir hulle dorpe.

Tydens die takbesoeke het PR ook met die takke gesels oor al die munisipale probleme in die dorp en moontlike oplossings daarvoor. PR het al die inligting geneem om GOP-kommentaar namens die takke op te stel.

**Takke wat die opleiding ontvang het, is soos volg:**

» Middelburg

» Witrivier

» Nelspruit

» Secunda

» Evander

» Harrismith

» Kroonstad

» Mosselbaai

» Oudtshoorn

» Kaapstad-Noord

» Kraaifontein

» Vredendal

» Stellenbosch

» Overstrand

» Kimberley

» Aliwal-Noord

**2.3. Bystand aan die koördineerders**

Tydens die Adminweek van Februarie 2020 is daar 'n PR-sessie gereël waar Deidre die projekplan deurgewerk het saam die koördineerders. Die doel hiervan was om dit aan die koördineerders te verduidelik (om enige verwarring te voorkom) en moontlike vrae te hanteer.

PR was deurgaans beskikbaar om navrae van die taklede en koördineerders te hanteer en enige hulp aan te bied waar dit nodig sou wees.

**2.4. Opstel van die GOP-dokumente**

Taklede moes munisipale probleme in hulle dorpe identifiseer. Daarna moes taklede op die templaat die probleem omskryf en ook moontlike redes vir die probleem en oplossings uiteensit. Teen 4 Maart moes al hierdie dokumente teruggestuur word aan PR, waarna PR die inligting gebruik het om elke tak se GOP-dokument op te stel.

PR het daarna die inligting verwerk en netjies uiteengesit sodat dit aan munisipaliteite gestuur kan word.

Tydens die takbesoek in 2019 het Deidre ook saam met takke hulle munisipale probleme geïdentifiseer. Deidre het hierdie inligting gebruik en ook die dokumente opgestel.

## 3. DIE TOTALE DEELNAME AAN DIE GOP-PROJEK WAS SOOS VOLG:

| | |
|---|---|
| **Alta Pretorius** | Potchefstroom<br>Stilfontein<br>Sasolburg |
| **Arno Greyling** | * Mosselbaai<br>* Oudtshoorn |
| **Bronwen Pretorius** | * Secunda<br>* Kinross<br>* Evander<br>Witbank |
| **Christo Groenewald** | Wilgehof<br>Fichardtpark<br>Hospitaalpark<br>Langenhovenpark |
| **Dewet Ungerer** | |
| **Eugene van Aswegen** | |
| **Gerhard Nieuwoudt** | Vryburg<br>Hertzogville<br>Schweizer-Reneke<br>Delareyville |
| **Hennie Bekker** | * Witrivier<br>* Nelspruit<br>* Middelburg |
| **Jp Nel** | Reitz<br>Winburg<br>* Harrismith<br>* Kroonstad<br>Senekal<br>Bultfontein |
| **Johardt van Heerden** | * Stellenbosch<br>* Overvaal<br>* Kaapstad-Noord<br>* Kraaifontein<br>* Vredendal<br>Malmesbury |
| **Lize-Mari Smit** | * Kimberley<br>Prieska<br>* Aliwal-Noord |
| **Marié Naudé/Butch Blignault** | Alberton<br>Benoni<br>Boksburg<br>Brakpan<br>Edenvale<br>Germiston<br>Kempton Park<br>Springs |
| **Petrus Coetzee** | Rustenburg<br>Lichtenburg |
| **Sampie Steinberg** | Moreletapark<br>Garsfontein<br>Centurion-Wes<br>Centurion-Suid<br>Centurion-Sentraal<br>Moot<br>Pretoria-Wes<br>Pretoria-Noord<br>Waverley<br>Wes-Moot<br>Zambezi |
| **Werner Strauss** | |

Die totale getal takke wat dus deelgeneem het, is: **56 teenoor die 44 van 2019**
Die totale getal dokumente wat ingedien is: **26**
Totale getal dokumente wat PR verwerk het: **55**

# 4. HERSIENING VAN DIE PROJEK

## 4.1. Projekplan

| Positiewe aspekte | Negatiewe aspekte |
|---|---|
| - Die projekplan is baie meer vereenvoudig en dus het taklede dit baie makliker verstaan. | - Om dit te vereenvoudig moes daar baie inligting uit die projekplan verwyder word. |
| - Die vereenvoudigde projekplan het moontlik tot hoër deelname gelei. | - Baie van die takke het steeds nie die instruksies soos in die projekplan gevolg nie. |

## 4.2. Takbesoeke

| Positiewe aspekte | Negatiewe aspekte |
|---|---|
| - Die koördineerders was baie hulpvaardig en flink om die datums en lokale vas te stel vir die vergaderings. | - Tydens die vergadering was dit in baie gevalle duidelik dat die taklede nie werklik bewus is van die omvang van die probleme in hulle area nie. Taklede kan die probleem noem, maar wat die oorsprong van die probleem is en moontlike oplossings kon hulle nie altyd voorsien nie. |
| - Vergaderings is meestal bygewoon deur die bestuur van die tak. Dit het die versameling van inligting vergemaklik omdat dit makliker is om die mense onder beheer te hou | - Takbesoeke het nie noodwendig daartoe gelei dat taklede meer gemotiveerd is om aktief deel te neem aan die projek nie. |

## 4.3. Opstel van die dokumente

| Positiewe aspekte | Negatiewe aspekte |
|---|---|
| - Die feit dat alle dokumente eers aan PR gestuur word, verseker dat die regte kwessies in die GOP hanteer word. | - Sommige van die takke se dokumente was glad nie volledig nie en PR het gesukkel om die kwessies goed uiteen te sit. |
| - Ons kan ook monitor dat realistiese eise gestel word. | - 'n Groot hoeveelheid dokumente moes nagegaan word. Ons sal dus meer tyd gee in die projek van 2021 vir hierdie deel van die projek. |

## 4.4. Algemene deelname

| Positiewe aspekte | Negatiewe aspekte |
|---|---|
| - Die totale deelname aan die projek was beter as in vorige jare. Baie meer takke het deelgeneem. | - Alhoewel meer takke deelgeneem het, is die deelname steeds min in vergelyking met die hoeveelheid aktiewe takke wat ons het. |
| | - Sommige takke se dokumente was baie onvolledig. |

AfriForum